

# Ontmoeting 2

## Gideon

Kinders leer oor die verhaal van die rigter, Gideon.

**Teks:** Rigters 6–8

**Hulpmiddels:**

- Afdrucke van inkleurprente van Gideon
- h Kers vir elke kind
- Kleefband
- Hebreërs 13:5–6 as h woordstrook vir die kerse
- Ronde plakkers (“stickers”)
- Wollerige kombers
- Voorwerpe om weg te steek vir welkom speletjie



### Welkom

Stuur een van die kinders uit die vertrek.. h Voorwerp word dan êrens in die lokaal weggesteek. Die kind word teruggedroep en kry die opdrag om die voorwerp te soek. Die ander kinders gee h aanduiding van hoe naby hy/sy aan die voorwerp is deur “warm” te roep as hy naby die voorwerp kom en “koud” wanneer hy ver van die voorwerp af is.



### Wyding

**Stilwoord-ritueel uit Psalm 23:** Laat die kinders kruisbeen sit en hulle oë toemaak. Herhaal 3 keer. “Die Here is by ons.” Sê nou hardop: “Omdat die Here my Herder is, is ek nie bang nie. Hy lei my deur die donker tye en Hy versorg my.”



### Woord

Julle kan selfs die “werskaf”- deel voor die les doen en die prente inkleur vir die storie. Plaas dit dan in rame en maak h foto-muur. Die aanbieder stap dan soos h toergids met die kinders deur Gideon se storie.

Die Israëliete was terug in die land Israel nadat hulle 40 jaar lank in die woestyn rondgeswerf het, maar hulle het nog nie h koning gehad nie. Hulle het dinge begin doen waarvan die Here nie hou nie. Toe het God die mense van Midian toegelaat om die Israëliete vir sewe jaar lank te laat swaarkry. Die Israëliete moes in die berge in grotte gaan bly om weg te kruip vir die Midianiete. Elke keer as die Israëliete koring geplant het, het die Midianiete en nog ander volke gekom en die koring afgebrand. Hulle het ook al die Israëliete se skape, beeste en donkies gevat. Die Israëliete het baie arm geword. Toe het hulle weer tot God begin bid. (*Verwys na die eerste les se sirkel met 6 momente.*)

h Engel van die Here het gekom en naby h jong man gaan sit wat besig was om koring uit te slaan. Hierdie jong man se naam was Gideon. Hy het in h gat in die grond, waar hulle gewoonlik druiwe stukkend getrap het, met die koring gewerk, want hy was bang dat die Midianiete hom sou sien. Hy het dus weggekruip omdat hy bang was. Toe kom staan die engel van die Here voor Gideon en sê: “Die Here is by jou, dapper soldaat.”

Dink julle Gideon was h dapper soldaat? Nee, hy was eintlik bang en moedeloos.

Hy antwoord: “Ag Meneer, as die Here by ons is, hoekom gaan dit so sleg met ons? Hoekom doen Hy nie meer sulke wonderwerke soos toe Hy ons oupas uit Egipte laat trek het nie? Hy is nie meer lief vir ons nie en het ons nou aan die Midianiete oorgegee.”

Toe sê die Here vir hom: “Gaan JY en red die Israeliete. Gaan met die bietjie krag wat jy het. Ek stuur JOU!” Gideon het h klomp verskonings gehad en wou allerhande tekens hê om seker te maak dis die Here wat hom stuur. Ek wonder watter verskonings sou jy gehad het as die Here vir jou so h groot taak sou gee? (*Gee kans vir die kinders om te reageer.*)

Vir Gideon het dit beteken hy sou moes gaan oorlog maak. Sy verskonings was :  
hy was baie arm;

hy was nie belangrik nie, nie eers in sy huisgesin nie.

Hy het gedink hy is nie goed genoeg om hierdie groot werk te doen nie. Maar God het hom gerusgestel. Hy hoef nie sterk, belangrik of ryk te wees nie. God is aan sy kant. (*Ek wonder of jy besef dat God aan jou kant is. In Heb 13:5b en 6 belowe God jou: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” Daarom kan ons met vertroue sê: “Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan h mens aan my doen?”*)

Gideon was nog steeds nie oortuig dat hy dit sou kon doen en dat dit werklik God was wat met hom praat nie. Hy het mooi vir die Here gevra om vir hom h wonderteken te gee. Gideon het h bokkie gaan slag en plat brode gemaak wat hy op h klip neergesit het. Die engel het met h stok daaraan geraak en daar het vlamme uit die rots gekom en die kos verbrand. Toe het die engel verdwyn. Gideon het net daar h altaar vir die Here gebou.

Daardie nag het God vir Gideon sy eerste opdrag gegee. Hy het gesê: “Breek die offerplek af wat jou pa vir die god Baäl gebou het. Kap die houtpaal daar langsaan af. Die houtpaal is net daar om julle aan die afgod te herinner. Bou op daardie plek vir My h nuwe altaar. Maak vuur met die paal se hout en offer jou pa se tweede grootste bul vir My op die altaar.”

Gideon het met 10 slawe gegaan om dit te doen. Maar raai wat? Hy het dit in die nag gedoen. Ek wonder hoekom het hy dit in die nag gedoen. Hy was natuurlik bang vir sy pa se familie en die stad se mense. Die mense wou hom doodmaak, maar sy pa het hulle gekeer. Hulle afgod was eintlik niks anders as h stuk hout nie.

Daarna het die Midianiete en ander volke weer gaan tent opslaan in die vlakte en die Israeliete was bang dat hulle gaan begin oorlog maak.

Gideon se tweede opdrag van die Here was om die Midianiete te keer en hulle weg te jaag.

Weer het Gideon getwyfel of dit werklik God was wat die opdrag vir hom gegee het. Hy het weer h wonderteken gevra. Hy het iets onmoontliks gevra. Hy het h skaapvelletjie buite gaan neersit en vir God gevra dat dit net op die velletjie moet dou en nie op die grond om die velletjie ook nie. As God dit vir hom kan doen, dan sal hy glo dat God hom stuur. Die volgende dag was dit presies soos Gideon gevra het. Die velletjie was nat, maar die grond om die velletjie was droog. Dis eintlik onmoontlik. Steeds het Gideon getwyfel en nog h wonderteken gevra. Hy het weer die velletjie buite gaan neersit en gevra dat dit hierdie keer op die grond rondom die velletjie moes dou en nie op die velletjie nie. Weereens het God vir Gideon gewys dat niks vir Hom onmoontlik is nie. Die velletjie was droog, maar die grond om die velletjie was nat.

Gideon het nou geglo dat die Here hom regtig uitgekies het om teen die Midianiete te gaan veg. Hy het soveel as moontlik soldate bymekaargemaak om saam met hom te gaan, maar God wou hê hulle moes op Hom vertrou en nie op hul eie krag nie. Eers het hy almal teruggestuur wat bang was en net 10 000 soldate het oorgebly. God het gesê dat dit nog te veel is en nadat God hom gehelp het om hulle uit te soek, het net 300 manne oorgebly om te veg. (*Vertel vir die kinders hoe God die manne uitgekies het en op watter besondere manier hulle die Midianiete oorwin het.*) Dit klink of dit onmoontlik is dat 300 manne teen duisende soldate kon veg, maar God was aan hulle kant. Hulle het die Midianiete verslaan.

God het vir Gideon gewys dat hy nie bang hoef te wees met God aan sy kant nie.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe dit voel om te weet dat God altyd sy beloftes nakom.
2. Ek wonder waarvoor stuur God jou. Ek wonder wat moet jy gaan doen.
3. Ek wonder of Gideon se verhaal jou minder bang laat voel.



## Werskaf

- Gee aan die kinders elkeen 10 ronde plakkertjies. Op elkeen van die plakkers skryf hulle een van die volgende woorde: “Ek – sal – jou – nooit – verlaat. Die – Here – is – my – Helper.” Laat hulle h plakker op elke vinger plak en dan h vuis maak. Druk dit teen die bors as simbool dat hulle aan God se beloftes vashou. Hierdie beloftes neem hulle huis toe of memoriseer dit.
- Sit h lekker wollerige kombes neer. Die kinders kan hulle daarin toevou om h gevoel van geborgenheid te ervaar of hulle kan vir mekaar drukkie gee. God is by hulle en hulle hoef nie bang te wees nie.
- Inkleurprent

## Gebedsmoment

Kinders gaan staan op hulle knieë soos h skilpadjie wie se kop ingetrek is. Die aanbieder bid die volgende: “Here, daar is soveel goed in die wêreld waarvoor ek bang is en waarvoor ek wil wegkruip. Help my om te onthou dat U by my is wanneer ek bang is. In U arms is ek veilig. Amen.”

## Sluit af met die seënbede



